NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Rookbeleid

Verwysingsnommer	1P/1.1.11
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uivoerende Direkteur: Mensontwikkeling
Beleideienaar	Hoofdirekteur: Mensehulpbronnebedryf
Verantwoordelike afdeling	Mensehulpbronnebedryf
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur die	Raad
Datum van goedkeuring	23 September 2011
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	Einde 2012
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres van die beleiddatabasis	RMA SHARE 2.1.3.1_policy review-database-1P/1.1.11_smoking_a.docm

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Rookbeleid

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie Rookbeleid op 26 September 2011 aanvaar.

2 Doelstellings

2.1 Die Noordwes-Universiteit (hierna genoem die NWU) is verbind tot die nakoming van alle relevante arbeidswetgewing, soos wetgewing oor rook deur die Suid-Afrikaanse regering.

2.2 Rook by die werkplek word deur die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 83 van 1993 gereguleer. (Die Suid-Afrikaanse Regering het die Suid-Afrikaanse wetgewing in ooreenstemming met die Wêreldgesondheidsorganisasie se Raamwerkkonvensie oor Tabakbeheer gebring.)

3 Omvang van toepassing

Die beleid is van toepassing op al die besoekers aan die NWU, NWU-werknemers en enige ander persoon wat bystaan in die voortgang van alle aspekte van die dag-tot-dag-funksionering van die NWU. (Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, die indiensnemingskontrakte wat permanent, vastetermyn, toevallig, tydelik is, tydelike personeel van agentskappe, personeel verskaf deur arbeidsmakelaars, kontrakteurs of subkontrakteurs.)

4 Leidende beginsels

4.1 Die Rookbeleid moet sigbaar aan elke besoeker, student en werknemer gemaak word by wyse van openbare vertoning by die alle ingange van geboue. Die Rookbeleid vorm deel van NWU-induksie en -oriëntering vir studente en werknemers. Aan werknemers en studente moet die bestaan van die Rookbeleid bekend en beskikbaar gemaak word voor die ondertekening van enige ooreenkomste of registrasievorms.

4.2 Nienakoming van die bepalings van die Rookbeleid maak deel uit van wangedrag (ingevolge die dissiplinêre prosedures en kodes vir werknemers, en dissiplinêre reëls vir studente van die NWU) en daar sal toepaslik opgetree word teen enige werknemer of student wat die bepalings van die Rookbeleid verontagsaam het.

4.3 Daar word van alle werknemers en studente verwag om onmiddellik enige beweerde nienakoming van die Rookbeleid aan die gesondheid- en veiligheidsverteenwoordiger of -komiteelid, of bestuur aan te meld. Alle bewerings van nienakoming sal deur die bestuur ondersoek word.

5 Beleid

5.1 Aangewese rookareas

5.1.1 Rook word slegs in aangewese rookareas, wat met "Rookarea"-bordjies gemerk is, toegelaat.

5.1.2 Die aangewese rookareas word bepaal deur die bestuur in oorleg met die gesondheid- en veiligheidsverteenwoordiger.

5.1.3 Vereistes vir aangewese rookareas (nie beperk tot die volgende vereistes nie):

5.1.3.1 Aangewese rookareas mag nie vir ander werk- of woonverwante doeleindes benodig word nie.

5.1.3.2 Aangewese rookareas mag nie areas wees wat algemeen en dikwels deur werknemers en studente gebruik word nie. Byvoorbeeld: gange, ingange of voorportale, trappe, trapkuile, toilette, kleedkamers, teekamers, kombuise, vergaderingkamers, of ander gemeenskaplike areas.

5.1.3.3 Aangewese rookareas mag nie die beeld van die NWU ongunstig vanuit 'n openbarebetrekkinge-oogpunt beïnvloed nie, bv. nie-aangewese toegang tot geboue, wat koshuise insluit.

5.1.3.4 Aangewese rookareas mag nie inbreuk maak op areas wat deur nierokers gebruik word nie.

5.1.3.5 Aangewese rookareas moet aan die vereistes van alle betrokke wetgewing voldoen.

5.1.3.6 Aangewese rookareas moet vernaamlik nie binne 'n voorgeskrewe afstand van vensters of 'n ingang wees nie, soos voorgeskryf en aangepas van tyd tot tyd.

5.2 Rookpouses

5.2.1 Geen spesifieke tydsduur word vir rookpouses bepaal nie, en werknemers en studente wat wil rook word aangemoedig om hulle rookpouse te beperk tot goedgekeurde pouses (klaspouses, tee- of etenstye), en ook die gevoelens van ander werknemers en studente in ag te neem wat met hulle werk of studies aangaan, terwyl rokers die onderbreking van werk of studie geniet terwyl hulle rook.

5.2.2 Hierdie beleid verbied werknemers nie om gedurende kantoorure te rook nie. Die bestuurs- en bedryfsdoeltreffendheid, werknemersproduktiwiteit en verwagte werksprestasie van die betrokkene mag nie in gedrang kom as gevolg van die vergunning vir rook tydens werksure nie. Elke bestuurder en/of toesighouer het die gesag om riglyne te bepaal waarvolgens werknemers in kantore toegelaat word om die kantoor of werkstasies te verlaat om tydens kantoorure te rook.

5.2.3 Daar word van die werknemers vereis om te verseker dat hulle werksprestasie nie nadelig deur die rookpouses tydens werksure geraak word nie. Die bestuur van sodanige nie-presterende personeel is verantwoordelik vir die hantering van die nie-prestasie, aanvanklik informeel met die werknemer en deur prestasiebestuurprosesse, en indien hierdie pogings nie suksesvol is nie en die saak nie informeel reggestel word nie, om die saak deur formele dissiplinêre prosesse te neem.

5.2.4 Bestuurspersoneel moet ten opsigte van rookpouses verseker dat:

5.2.4.1 Geen "informele vergaderings" in die rookarea plaasvind nie, waardeur inligting moontlik nie aan nierokers bekend mag wees nie, of waardeur nierokers uitgesluit word.

5.2.4.2 Geen werknemers of studente wat nierokers is nie, moet verplig voel om aan 'n vergadering in die aangewese rookarea deel te neem nie.

6 Korporatiewe bestuur, bestuursrolle en toerekenbaarheid

Die bestuur het 'n verantwoordelikheid om wetgewing voortdurend te moniteer, hierdie beleid ten alle tye by te werk en die onderhoud van stelsels te verseker wat geïmplementeer is om nakoming te verseker. Die bestuur moet byvoorbeeld verseker dat rook- en nierookareas bepaal word en in 'n goeie toestand gehou word, asook verseker dat bygewerkte inligting by die induksieprogramme vir werknemers en studente ingesluit is.

Oorspronklike besonderhede: Christe de Wit (10935746) SHARE 1P/1.1.11_smoking_a.docm
23 September 2011

Lêerverwysing: 1P/1.1.11